Bemoediging - Teksverse.



Die wat na die see toe afdaal in skepe, wat handel drywe op die groot waters - húlle het die werke van die HERE gesien en sy wonders in die diepte. Want Hy het gespreek en ‘n stormwind laat opsteek wat die golwe daarvan opgesweep het. Hulle het opgerys na die hemel, neergedaal na die dieptes - hulle siel het vergaan van wee. Hulle het getuimel en gewaggel soos ‘n dronk man, en al hulle wysheid is verwar. Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid, en uit hul angste het Hy hulle uitgelei. Hy het die storm ‘n gesuis gemaak, en hulle golwe het stil geword. Toe was hulle bly, omdat dit rustig geword het, en Hy het hulle gelei na die hawe van hul begeerte. Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders.

Psalm 107:23-31

Voorskrif

God bly ons anker in tye van nood en die Bybel, Sy brief aan ons, kan met groot nut gebruik word in tye van probleme, vertwyfelinge, siektes, kragteloosheid, moedeloosheid, depressie, hartseer en 'n duisend ander lewensvrae en situasies.
'n Paar sulke onderwerpe word gegee met enkele toepaslike Bybelverwysings. Die aangeduide tekse is net enkele rigtingwysers. Dit is verkieslik dat die hele hoofstuk of dan minstens die paragraaf voor en na die aangeduide Bybelvers ook gelees word om beter oorsig oor die konteks van die teks te kry.

Mag die lys hieronder tot bemoeding dien.

Afguns: 1 Kor 13:4; Spr 24:19-20; Luk 12:15; Rom 13:9; Spr 23:17
Afskeid: Ps 23; Ps 121; Joh 14:28; Rom 8:31-39
Afvalligheid: Spr 28:13; Jer 3:22; Ps 51:10-12; Joh 6:37
Angs: Jes 51:12; 2 Tim 1:7; Filip 4:13; Openb 1:17-18
Beproewing: Ps 34:17; 2 Tim 2:3; 1 Pet 4:12-13, Ps 51; Ps 119:75; Rom 5:3
Bedroefheid: 1 Kor 15:54-57; Jes 25:8; 1 Thess 4:13-14; Openb 21:3-4
Bitterheid: Ef 4:31; Heb 12:15; Jak 3:14-16
Depressie: Ps 34:18; Neh 8:10; Filip 4:8; Rom 8:28
Dood: Ps 116:15; Rom 14:7-8; Job 19:25-27; Jes 25:8
Eensaamheid: Ps 31:11; Joh 14:18; Ps 27:10; Ps 147:3
Finansies: Matt 6:19-21; Matt 6:31-34; Ps 37:25-26; Filip 4:19
Haat: Spr 10:12; 1 Joh 2:9-11; Joh 3:20; Spr 15:17; Lev 19:17
Hoogmoed: Ps 10:2-11; Spr 8:13; Matt 18:2-4; Spr 27:1-2; Luk 18:11-14
Humeurigheid: Spr 16:32; Spr 22:24-25; Matt 5:22
Huwelik: Spr 12:4; 1 Kor 7:10-17; Heb 13:4; 2 Kor 6:14-18
Leiding: Jes 48:10; Rom 8:18; Rom 12:12; Heb 5:8-9; 2 Kor 4:8-10; 1 Pet 4:19
Mislukking: 2 Kor 3:5; Rom 4:18-22; Spr 24:16-18; Ps 145:14-16
Onveiligheid: 1 Tim 6:17; 2 Thess 3:3; Ps 91:3-7; 2 Kor 3:4-5; Luk 12:15–21
Oordeel: Rom 3:10-12; Matt 7:3-5, Joh 5:22; Rom 8:1; Heb 10:31; Jes 64:6-8
Ouderdom: Ps 21:4; Spr 10:27; Pred 11:10; Spr 9:11
Siekte: Joh 11:4; Ps 103:3; 2 Kron 32:24-26; Jak 5:15; Ps 23:2-4; Ps 43:5
Swakheid: 1 Kor 1:27; Heb 11:33–34; Ps 121:2-3; Matt 11:28-30; 2 Kor 12:9-10
Twyfel: Heb 11:1-3; Rom 10:17; Heb 10:32, 35-39
Verslawing: Spr 20:1; 2 Pet 1:5-8; Gal 5:1; Joh 8:32; 2 Pet 2:19
Versoeking: 1 Kor 10:13; Ef 6:10-20; Jak 1:2-4, 12; 2 Pet 2:9
Verwardheid: Jes 55:6-7; Spr 20:24; Jes 26:3; 1 Kor 14:33;
Vrees: Ps 6, Ps 27; Filip 4:6-8; Ps 46:1-3
Wêreldgesind: 2 Kor 6:14–18; Tit 2:11-12; Mark 4:18-20; 1 Joh 2:9-17; 1 Joh 5:5
Woede: Ef 4:26-27; 1 Pet 2:23; Jak 1:19; Matt 5:21-22